

## Oorlog, Ontwrigting en Onsekerheid

**Niall Ferguson, *The War of The World. History's Age of Hatred***

**Allen Lane, London, 2006**

**589 pp**

**ISBN-13: 978-0-713-99705-8**

**R380.00**

Historici het al uitgebreid oor die periode 1914 tot 1953 as een van die bloedigste tydperke in die geskiedenis van Europa en die wêreld geskryf. Daar is ook al meermale gepoog om die twee wêreldoorloë in 'n globale

konteks te plaas.<sup>1</sup> Daar is twee navorsingsinstansies wat hulle voltyds op die studie van die rol van oorloë in die geskiedenis toelê. Die *Correlates of War Project* in die VSA het byvoorbeeld bereken dat daar tussen 1900 en 1990 nie minder nie as 200 interstaatlike of burgeroorloë in die wêreld gewoed het. Die Internasionale Vredesnavorsingsinstituut in Stockholm bereken dat daar tussen 1990 en 2000, 100 gewapende konflikte in die wêreld was, waarvan 20 teen 1999 nog aan die gang was. Die berekening sluit nie die gebeure in Afghanistan, Irak en Libanon sedert 2001 in nie.

Dit is dus begryplik dat Niall Ferguson sy jongste boek die titel die oorlog van die wêreld gegee het. Die titel is ook gekies as 'n kontra vir die bekende werk wat net voor die aanvang van die twintigste eeu geskryf is, naamlik H.G. Wells se *The War of the Worlds* (1898). In dié boek het Wells voorsien dat vreemde wesens uit die bewoonde planeet in die ruimte in die twintigste eeu die wêreld sou binneval. In plaas daarvan, sê Ferguson, het die mens op aarde vir genoeg oorlog gesorg dat die eeu as die oorlogrykste in die geskiedenis beskryf kan word. In 'n bylaag gaan Ferguson op 'n vergelykende studie van ander eeue en hulle oorloë in om sy saak te substansieer.

Hoewel Ferguson sy naam as 'n ekonomiese geskiedkundige met sy uitgebreide statistiese ontledings van byvoorbeeld die rol van die Huis van Rothschild en oor die rol van geld en mag in die geskiedenis tussen 1700 en 2000 gevestig het, het sy jongste reeks publikasies getoon dat hy een van die leidende Anglo-Saksiese makro-historici is wat na die groot ontwikkelingslyne in die geskiedenis soek. Daarby het hy homself, tot die argwaan van heelwat spesialiste, as die groot populariseerder van werklik indringende historiese analise bewys.<sup>2</sup> Soos sy werk oor die Britse en Amerikaanse ryke, is ook hierdie boek sedert Junie 2006 as 'n boeiende televisiereeks oor die Britse Kanaal 4 gebeeldsend. Ferguson bevind hom in die voordelige posisie dat hy tegelyk professor in geskiedenis aan drie van die beste akademiese universiteite in die wêreld, naamlik Oxford, Harvard en Stanford (by die Hoover Instituut), is. Sy populêre televisiereekse bring mee dat hy groot geldelike steun vir navorsing ontvang en dus 'n uitgebreide paneel van navorsers kan bekostig om vir hom inligting te versamel. Dit bring besondere probleme mee wat hy op vernuftige wyses oplos. Die navorsing is in argiewe en literatuur van oor die wêreld gedoen. In die 589 bladsye is geen plek om sy bewerings deur verwysings te staaf nie, daarom het hy op 'n webbladsy 'n spesiale ruimte geskep vir die meer as 2 000 voetnote waar die spesialis dit kan nagaan.

---

1. Byvoorbeeld G. Weinberg se *A World at arms*.

2. Byvoorbeeld: J. Bourke, *New Statesman*, 19 June 2006, p 60.

Dit is 'n boeiende boek wat die belangstellende leser nie maklik sal wil neersit nie. Dit is so ryk aan gegewens wat nie algemeen bekend is nie, dit bring soveel verrassende invalshoeke op verskillende gebeure en is so prikkelend in sy vergelykende uitsprake en interpretasies, dat 'n veel langer bespreking nodig is as wat in 'n tydskrif moontlik is. Daar is soveel wat bevraagteken of gedebatteer kan word omdat dit verrassende denke verteenwoordig. Dit is dus 'n oorvereenvoudiging om in hierdie bespreking die aandag op net twee hoofemas te vestig. Dié twee temas is Ferguson se sentrale vraag oor waarom die twintigste eeu so 'n bloedige tydperk was en watter insigte dié eeu se geskiedenis vir die een-en-twintigste eeu bied.

Ongeveer vier-vyftes van die boek handel oor die tydperk 1914 tot 1953. In dié tydperk, argumenteer Ferguson, het die drie vernaamste faktore wat van die eeu so 'n gewelddadige een gemaak het, duidelik uitgekristalliseer. In die laaste vyfde word gewys op hoe hierdie drie faktore na 1953 na die res van die wêreld, in besonder die Arabiese en die Derde Wêreld, uitgebrei het. In die laaste helfte van die negentiende eeu het die eerste fase van globalisering in die wêreld vorm aangeneem, gebaseer op die groot ryke wat multikultureel was en wat die wêreld se groot verskeidenheid etniese groepe kon beheer en in bedwang kon hou: die Britse, Franse, Russiese, Portugese, Chinese, Ottomaans-Turkse, Nederlandse en Habsburgse Ryke. Die ineenstoring van al hierdie ryke was een van die drie bepalende faktore, want daarna was daar geen permanente sentrale gesag wat beheer oor die moontlikhede om die tweede faktor – etnisiteit – in bedwang te hou, kon uitoefen nie. Etnisiteit het as die begeerte na groot etniese eenhede, na etniese suiwering en die begeerte na vryheid en onafhanklikheid, enorme onstabiliteit oral in die wêreld geskep. Dit het haat geskep wat die wortel van die wreedhede teen Jode, Pole, Asiërs, Russe, Duitsers en talle ander minderheidsgroepe gevorm het. Ook die Amerikaners en Britte het hulle aan haat skuldig gemaak met die verwoestende aanvalle op Duitse en Japannese stede waarin duisende onskuldige burgers gesterf het of vermink is.

Na 1945 het twee nuwe ryke, die Amerikaanse en Sowjet ideologiese ryke, die plek van die vroeëre ryke ingeneem. Hulle het weliswaar daarin geslaag om die verwagte Derde Wêreldoorlog te keer, maar het meermale op die rand van 'n uitwissende kernoorlog omgedraai. Hulle mededinging om mag en invloed het in werklikheid onstabiliteit bevorder en etniese en godsdienstige probleme verdoesel. Trouens, sonder om hom by die naam te noem, kritiseer Ferguson die erkende Amerikaanse kenner van die Koue Oorlog, John Lewis Gaddis, oor sy

argument dat die Koue Oorlog 'n periode van *long peace*<sup>3</sup> verseker het. Die teenoorgestelde het eerder gebeur. Met die ineenstorting van die Sowjet Ryk teen die einde van die twintigste eeu is die weg berei vir hierdie twee faktore om ook in die nuwe eeu 'n belangrike rol in Oos-Europa, Afrika, die Midde-Ooste en die Verre Ooste te speel.

Die derde faktor wat van die twintigste eeu so 'n oorlogsugtige een gemaak het, was wat Ferguson *economic retardiness* noem en wat vandag as die wêreld se armoede vraagstuk beskryf word. Mense wat in onderontwikkelde dele van Europa en Asië gewoon het, was maklik vir die ideologiese beloftes van nasionaal-sosialisme, fascisme en kommunisme vatbaar, maar elkeen van hierdie ideologieë was eintlik terselfdertyd 'n verskuilde vorm van etnisiteit.

Die punt waarop historici stellig die graagste met Ferguson in debat sal wil tree,<sup>4</sup> is oor sy identifisering van 1979 as die jaar waarin drie prosesse aan die gang gesit is wat potensieel rewolusionêre gevolge vir die wêreld kan inhou, net soos die ekonomiese kompetisie tussen Duitsland, Brittanje en Japan die vormgewer van die twintigste eeu geword het.

In 1979 was Den Xiaopeng die eerste Chinese leier om die VSA te besoek. Daarmee het die ekonomiese rekonstruksie van China sonder enige noemenswaardige politieke hervorming 'n onkeerbare rigting ingeslaan, vergelykbaar met die proses van drastiese hervorming in Japan na 1864. Daarmee is 'n proses begin wat die Amerikaanse détente beleid van Nixon en Kissinger sou omkeer. In plaas daarvan dat China 'n afhanklike mark vir Amerikaanse nywerheidsprodukte en tegnologie geword het (Ferguson noem dit 'n *economic subsidiary* van die VSA), is China besig om Amerika se grootste mededinger op handelsgebied te word. Daar word verwag dat China teen 2040 die VSA se Bruto Binnelandse Produk sal inhaal. Die implikasies vir die een-en-twintigste eeu is duidelik: gaan China 'n oop-deur-beleid op die VSA afdwing, soos die Westerse moondhede in 1914 op China gedoen het? Is dit moontlik dat Taiwan die rol van Sarajevo in 1914 kan speel?

In 1979 het Margaret Thatcher in Brittanje aan bewind gekom. Haar vryemarkbeleid het die begin van die aftakeling van die oordrewe kenmerke van die onbekostigbare welsynstaat geword. Dit het momentum verleen aan twee gebeure wat sedert 1945 stadig maar seker

---

3. J.L. Gaddis, *The Long Peace. Inquiries into the history of the Cold War* (Oxford University Press, New York, 1987).

4. Vergelyk: L. Scholtz in *Die Burger*, 5 Januarie 2007.

die posisie van Europa van binne af ondermyn het: die dalende geboortesyfer en die gevolglike veroudering van Europa wat hom meer afhanklik van jong goedkoop arbeid uit die res van die wêreld gemaak het. Die toestroming van mense uit Noord-Afrika, die Midde- en Nabye Ooste en Oos-Europa is besig om die profiel van Europa ingrypend te verander. Dit sal waarskynlik in die een-en-twintigste eeu 'n ongekende revolusie in Europa tot gevolg hê. Die groot vraag is of dit nie nuwe etniese en ekonomiese faktore in Europa gaan skep soortgelyk aan dié wat in die twintigste eeu tot soveel geweld gelei het nie.

Die rewolusie in Iran in 1979 waardeur die bewind van die sjah omvergewerp is en radikale Islamiete die bewind met 'n sterk anti-Amerikaanse en anti-Westerse agenda oorgeneem het, is die derde gebeurtenis wat van 1979 'n waterskeidingsjaar in die geskiedenis van die een-en-twintigste eeu kan maak. Die herlewing van godsdiens as motiveringsfaktor impliseer 'n terugkeer na die etniese faktor se bepalende rol, daarom is die gebeure in Libanon, Israel, Afghanistan en Irak 'n voorspel tot groter konflik in die een-en-twintigste eeu.

Oswald Spengler se *Untergang des Abendlandes* flikker in Ferguson se boek. Ferguson se twee sentrale gevolgtrekkings is dat Europa op die langtermyn nie die oorwinnaar van die Eerste en Tweede Wêreldoorlog is nie, maar die een wat die meeste deur die nawerking van die oorlog verloor het. Asië en die Arabiese wêreld tree as die belangrikste oorwinnaars uit die stryd van die twintigste eeu. Die tweede gevolgtrekking is dat die tweede fase van globalisasie in die geskiedenis 'n belangrike ekonomiese en politieke magsverskuiwing ten gunste van Asië verteenwoordig. Hierdie golf kan met net soveel geweld as die eerste fase in 1914 eindig. Die enigste verskil is dat Europa in hierdie fase net 'n randfiguur sal wees.

Die belangrike vrae en moontlikhede vir die een-en-twintigste eeu wat Ferguson in hierdie boek aan die orde stel, laat die vraag ontstaan of sy pessimisme oor die toekoms van die Weste en Europa 'n geldige historiese projeksie is. Paul Johnson het reeds daarop gewys dat die Weste en Europa 'n besondere vermoë tot herontwerp en hermotivering het.<sup>5</sup> Die beste voorbeeld is die ontwikkeling van 'n Europese ekonomiese integrasie sedert 1952, wat aan die vasteland nuwe politieke invloed en potensiele mag bied.

---

5. *National Review*, 25 September 2006, pp 48-49.

Ferguson self herbedink hierdie pessimisme in 'n artikel in die nuustydskrif *Time*.<sup>6</sup> Daarin voorsien hy dat Amerikaans-Chinese-Islamitiese mededinging teen 2036 verby sal wees. Hy verwag dat die Chinese “ekonomiese wonder” teen daardie tyd vanweë die ineenstorting van die Chinese aandelemark in duie sal stort, wat weer die gevolg sal wees van sy korrupte bankstelsel. Chinese banke het té afhanklik van goedkoop lenings van olieryke Arabiese lande geraak. Die magtige Shasria-banke in die lande waar die bewind teen daardie tyd deur radikale Islam oorgeneem sal wees, sal die lenings staak. Hulle sal weer op hulle beurt deur die nuwe mag van Rusland met sy goedkoper gasproduksie in die energie-oorlog verswak word. Die Islamitiese lande sal nie meer hulle olie-dollars as wapen kan gebruik nie. Die kreet van satanisme wat die Islamitiese lande teen Amerika aangewend het, sal sy waarde verloor. Amerika sal nie langer die slaansak van die wêreld as gevolg van sy inval in Irak wees nie. Intendeel, die VSA sal weer die motor wees wat die wêrelddeksonomie aandryf. “And so the Great War of Democracy ended – not with the catastrophic bang that so many had feared but with the imperceptible hum of a technological revolution.” Die nuwe geslag Amerikaners sal nie meer 11 September 2001 as 'n bepalende gebeurtenis in die Amerikaanse geskiedenis beskou nie. Dit sal maar net 'n ongelukkige tydelike afwyking (*aberration*) van die verloop van Amerika se geskiedenis verteenwoordig.

In 'n nog later artikel in dieselfde nuustydskrif<sup>7</sup> waag Ferguson dit om die mening uit te spreek dat die een-en-twintigste eeu oor genoeg knelpunte beskik om 'n tweede Sarajevo moontlik te maak. Hy waarsku daarom dat die huidige ekonomiese globalisme geen versekeringspolis teen 'n groot oorlog is nie. In 1914 het die gebeure in Sarajevo aanvanklik geensins die groeiende globalisering van die wêrelddeksonomie versteur nie. Dit was eers toe spanning begin opbou en moondhede begin mobiliseer het dat die werklikheid van 'n groot oorlog tot die wêreld deurgedring het. Die Palestynse vraagstuk, Taiwan, Irak, Iran en Libanon kan maklik in die een-en-twintigste eeu tot soortgelyke brandpunte ontwikkel.

Wensdenkery, of 'n historikus se billike realisme? Ferguson is self die historikus wat die aandag pertinent op Amerikaanse imperialisme in die twintigste eeu gevestig het.<sup>8</sup> Kan die VSA werklik so maklik uit die magsgreep van sy imperialisme in naam van die ideologie van

---

6. *Time*, 11 September 2006, pp 21-25.

7. *Time*, 15 January 2007, p 35.

8. Niall Ferguson, *Colossus the rise and fall of the American Empire* (Allen Lane, Londen, 2004). Vir 'n bespreking, sien *Historia*, November 2004.

Amerikaanse demokrasie ontkom? Ferguson is té optimisties oor die Amerikaanse inherente vermoë tot selfreiniging en 'n beter begrip van die behoeftes van verskillende volke, state en kulture aan eie inheemse regeringsprosesse. Amerikaanse imperialisme in sy nie-gewelddadige en nie-politieke rol – ekonomies, kultureel en sielkundig – is stellig 'n veel groter faktor as wat Ferguson erken, en die reaksie daarteen veel waarskynliker as wat hy vermoed, maar die diepte van kennis, insig en stimulerende denke deur vergelykende studie maak van die boek 'n intellektueel opwindende ervaring.

Pieter Kapp

Besoekende Navorsingsgenoot, Departement Geskiedenis

Universiteit van die Vrystaat